DRINGENDE ADVIES IN ANTISIPASIE VAN AANKONDIGING VAN DIE MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS EN DIREKTIEWE

Aan: Hurter Spies Ingelyf

Solidariteit (Werner Human en Dr Dirk Hermann)

Datum: 31 Mei 2020

INLEIDING:

1. Ons verwys na die dringende opdrag op Sondag, 31 Mei 2020 om kortliks te adviseer oor die ondergenoemde, in aanloop en afwagting van die aankondiging van die Minister van Basiese Onderwys om ongeveer 18h00 vanaand:

    1.1 Wat die posisie is met betrekking tot onafhanklike skole indien die Minister van posisie sou verander (weens druk of andersins deur sekere rolspelers en vakbonde) ondanks die direktief wat uitgereik is en;

    1.2 Wat die posisie is wat openbare skole aanbetref soos in 1.1 hierbo.

2. Aangeheg tot die e-pos wat hierdie advies vergesel is ‘n dringende nuusbrief van FEDSAS gedateer 31 Mei 2020 asook ‘n Blitsopname en Nuusflits kommunikasie van die SAOU.

3. Ons sal kortliks met hierdie twee dokumente handel.

4. Alvorens ons dit doen handel ons eerstens met ons opinie en interpretasie van die Direktief uitgereik deur die Minister vir Basiese Onderwys soos gepubliseer in die Staatskoerant op 29 Mei 2020 (“die Direktief”), soos ook hierby aangeheg.

5. Weens die dringende aard van die opdrag lewer ons nie ‘n uitgebreide mening nie maar som die posisie volgens ons mening op.

INTERPRETASIE EN OPINIE VAN DIE DIREKTIEF:

6. Die Direktief is uitgereik ingevolge die bevoegdheid verleen aan die Minister van Basiese Onderwys in regulasie 4(3) van die Regulasies uitgevaardig onder die Wet op Rampsbestuur, 2002 op 29 April 2020 (“die Regulasies”).

7. Ons moet aanvaar dat daar reeds deur die Minister deeglike oorweging geskenk is, inaggenome alle faktore, insluitende die COVID-19 bedreiging en reeds wyd gekonsulteer is met rolspelers voordat die Direktief op 29 Mei 2020 gefinaliseer is en gepubliseer is.

8. Skole is reeds ‘n geruime tyd al, in aanloop tot die verwagte heropening van skole op 1 Junie 2020 ten opsigte van Graad 7 en Graad 12, die geleentheid gebied om hulleself gereed te kry vir heropening met voldoening aan die nodige gesondheidsmaatreëls en protokols wat voorgeskryf is in die Regulasies.

9. Daar is sekere organisasies en vakbonde wat klaarblyklik nou die standpunt huldig dat, omdat alle skole nog nie gereed is nie, die datum van die heropening van skole uitgestel moet word totdat alle skole gereed is, ongeag oorweging van die posisie van skole op ‘n individuele basis.

10. U sal opmerk uit die nuusbrief van FEDSAS hierby aangeheg, dat FEDSAS adviseer dat die besluit by elke beheerliggaam berus en dat FEDSAS nie aan sy lede probeer voorskryf wat die posisies is nie, maar dat FEDSAS ook in dieselfde asem waarsku dat daar ‘n risiko bestaan van geweldaddige protesoptrede teenoor skole wat wel terugkeer skool toe terwyl ander nie kan nie. FEDSAS het dus hulself verbind tot ‘n versoek aan skole om nie te heropen nie, al is hulle gereed om dit wel te doen. Ons keer terug na hierdie onhoudbare aspek.

11. Die oogmerke in paragraaf 2 van die Direktief het ondermeer ten doel om ‘n uniforme benadering daar te stel met betrekking tot die manier waarop die Departement van Basiese Onderrig, Provinsiale Onderrig Departemente, skole distrikte en skole die terugkeer na skole infasseer.

12. Ingevolge paragraaf 3 van die Direktief is dit van toepassing op alle skole soos gedefinieër in die Skolewet, 84 van 1996 (“die Skolewet”) wat openbare skole sowel as onafhanklike skole insluit, vanaf Graad R tot Graad 12.

13. Paragraaf 4 handel dan met die infassering van die terugkeer na skole deur leerders, opvoeders en amptenare van departemente en stel datums daar met betrekking tot die infassering van die terugkeer na skole van verskillende grade. So is bepaal dat 1 Junie 2020 die datum is waarop Graad 7 en Graad 12 leerders moet terugkeer.

14. Daar moet aanvaar word dat die datum van 1 Junie 2020, veral inaggenome Graad 12 leerders, na deeglike oorweging bepaal is en dat geen verdere vertraging in belang van hierdie leerders toegelaat behoort te word nie. Daar moet ook aanvaar word dat Graad 7 met ‘n rede ingesluit is sodat daardie

betrokke skooljaar en kurrikulum vereistes nog behaal kan word en dat leerders volgende jaar na Graad 8 sal kan oorgaan. Na ons mening is dit kritiek dat geen verdere tyd verspil word nie.

15. Paragraaf 4(2) van die Direktief bevat wel ‘n voorwaarde, naamlik dat slegs daardie skole wat aan die minimum gesondheid, veiligheid en sosiale afstand maatreëls voldoen, soos voorsien in die Direktief en die Regulasies, toegelaat sal word om te heropen soos die infassering skedule bepaal in paragraaf 4(1).

16. Paragraaf 4(3) bepaal dat ‘n skool wat versuim het om te voldoen aan die minimum vereistes gesluit sal bly totdat alle maatreëls soos voorgeskryf in plek is.

17. Dit blyk dus dat paragrawe 4(2) en 4(3) van die Direktief ten doel het om die situasie op ‘n individuele skolegrondslag te bestuur en te beoordeel en nie ten doel het dat alle skole eers moet voldoen alvorens skole kan heropen nie.

18. Verder vestig ons aandag op Artikel 16(4) van die Skolewet, wat bepaal dat die Hoof van ‘n Provinsiale Onderwysdepartement ‘n openbare skool tydelik mag sluit in die geval van nood of indien hy of sy op redelike gronde glo dat die lewens van leerders of personeel bedreig word. Indien daar dus na die heropening van ‘n betrokke openbare skool, en ondanks die toepassing van COVID-19 gesondheismaatreels ‘n wesenlike uitbraak van COVID-19 gevalle ontstaan, sou die Hoof van die Onderwysdepartement van ‘n provinsie die bevoegdheid hê om ‘n openbare skool te sluit. Hierdie bevoegdheid geld egter nie ten opsigte van onafhanklike skole nie.

19. Uit die aard van die saak sal die direksie of beheerliggaam van ‘n onafhanklike skool self die nodige bevoegdheid hê om ‘n skool tydelik te sluit indien daar ‘n wesenlike uitbraak van COVID-19 gevalle ontstaan wat nie anders beheer kan word as deur die tydelike sluit van die skool nie.

20. Inaggenome dus paragrawe 4(2) en 4(3) hierbo genoem, asook artikel 16(4) van die Skolewet, bestaan daar reeds genoegsame statutêre beskermingsmaatreëls en bevoegdhede indien ‘n skool enersyds nie voldoen aan die COVID-19 gesondheidsmaatreëls nie of andersins indien daar ondanks die maatreëls ‘n verspreiding van die virus in die skool plaasvind.

21. Dit is na ons mening egter geen redelike en rasionele argument, inaggenome die bevoegdhede wat by beheerliggame van openbare skole ingevolge artikel 16(1) van die Skolewet lê om skole in die algemeen te verhinder om te heropen indien sekere skole nie gereed is om te heropen nie.

22. Die risiko van geweld uit sekere sektore wat die posisie wil uitbuit weens politieke redes is ‘n saak wat die Staat verplig sal wees om te beheer en skole te beskerm wat geregtig is om te heropen.

23. Die Direktief van die Minister is juis ontwerp om die posisie van skole op ‘n ad-hoc grondslag te beoordeel en nie die Regulasies of die Direktief het ten doel om enige skool, synde ‘n openbare skool of ‘n onafhanklike skool terug te hou waar sodanige skool voldoen aan die nodige maatreëls nie.

24. Dit moet verder in gedagte gehou word dat onafhanklike skole en verskeie openbare skole uit eie fondse uitgawes moes aangaan ten einde die nodige gesondheidsmaatreëls en veiligheidsmaatreëls in plek te kry om aan die

COVID-19 vereistes te kon voldoen sonder enige staatshulp. Dit sou nie redelik wees om hul verder te verhinder om te heropen indien hul aan die gesondheidsmaatreëls en protokols voldoen nie.

25. Verder moet in ag geneem word dat artikel 29(1)(a) van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het tot basiese onderwys. Dus sal leerders en ouers by skole waar daardie skole inderdaad gereed is om te begin hierdie reg tot basiese onderwys kan afdwing.

26. Paragraaf 4(4) van die Direktief voorsien dat ‘n ouer wat kies om nie ‘n leerder skool toe te stuur nie aansoek kan doen vir vrystelling in geheel, gedeeltelik of voorwaardelik van verpligte skoolbywoning in terme van artikel 4 van die Skolewet. In dié verband moet Artikel 3(1) van die Skolewet nie uit die oog verloor word nie, naamlik dat elke ouer van ‘n leerder wat skoolpligtig is ‘n verpligting het om toe te sien dat sodanige leerder ‘n skool bywoon.

27. Inaggenome bogenoemde is ons van mening dat die uitreik van die Direktief deur die Minister nou finaal is en dat dit nie sondermeer herroep of verander kan word sonder ‘n behoorlike konsultasieproses nie.

28. Dit sou inbreuk maak op basiese grondwetlike regte, veral artikel 29(1) en die regte van kinders soos vervat in artikel 28 van die Grondwet indien kinders teruggehou word van bywoning tot ‘n bepaalde skool waar daardie skool gereed is as gevolg van ander skole wat nie gereed is nie.

29. Die dreigement van moontlike geweldsoptrede behoort geensins ‘n rol te speel by die besluit van beheerliggame om skole te heropen nie. Al waaraan voldoen moet word is paragrawe 4(2) en 4(3) van die Direktief. Waar

FEDSAS verwys na paragraaf 4(2) van die Direktief en die mening uitspreek dat daar geen aanduiding in die Direktief is van wie die besluit moet neem nie, is ons van mening dat die Direktief se bepalings met die bepalings van die Skolewet gelees word naamlik dat dit die bevoegdheid van ‘n beheerliggaam in samewerking met die Hoof van ‘n openbare skool is om te besluit of daar voldoening is aan die minimum COVID-19 gesondheidsmaatreëls.

30. Ons standpunt hierbo geld insgelyks ook in terme van paragraaf 3 waar FEDSAS van mening is dat daar geen aanduiding is van wie vir die besluit verantwoordelik is nie.

SAOU SE NUUSFLITS:

31. Wat die Nuusflits van SAOU aanbetref is ons van mening dat die standpunt wat daarin uitgespreek word korrek is, naamlik dat skole wat wel gereed is om te heropen wel sal kan heropen en dat SAOU ook antisipeer dat die Minister nie die Direktief sal herroep of wysig nie.

32. Dit is vir ons duidelik dat die Minister nou reeds al ‘n geruime tyd oorweging geskenk het aan hoe om die situasie te bestuur en dat daar deeglike oorweging geskenk is aan die formulering van die Direktief deur ook uitsonderings te skep ten aansien van skole wat nie gereed is nie.

GEVOLGTREKKING:

33. Na ons mening sou die bepalings van paragrawe 4(2) en 4(3) van die Direktief direk verydel word indien daar nou enige aankondiging of besluit is dat alle skole se heropening vertraag of uitgestel word omdat alle skole nog nie gereed is nie.

34. Dit sou na ons mening irrasioneel wees en waarskynlik ook ongrondwetlik. Dit sou ook nie strook met die algemene bedoeling van die vlak 3 Regulasies wat daarop gemik is om beperkings in die grendelstaat stelselmatig op te hef nie.

GETEKEN TE PRETORIA OP 31 MEI 2020.

Adv Albert Lamey

Adv Chanel van Schalkwyk